

EKONOMEL



- Ekono-Mel is 'n lae-digtheid suiwelmeel wat relatief hoë ureum vlakke bevat.
- Ekono-Mel produkte word hoofsaaklik as aanvulling op ruvoer van hoogstaande kwaliteit gebruik vir gemiddelde melkproduksie uitsette.

VOER AANBEVELINGS

Die hoeveelheid produk wat per dier gevoer word sal afhang van:

- Die gehalte en beskikbaarheid van weiding en/of ruvoer.
- Die stadium van laktasie.
- Melk- en vastestof produksie.

Vorm: Pille

Verpakking: Losmaat of 40 kg Sakke

VOERINSTRUKSIES

- Aanpassing van diere is noodsaaklik wanneer daar van 'n ureum-vrye suiwelmeel na 'n ureumbevattende suiwelmeel oorgeskakel word. Dit is raadsaam om 'n 50/50 mengsel van die twee tipes meel te meng en oor 'n tydperk van 4-6 dae te voer om aanpassing te vergemaklik.
- Dit word aanbeveel dat suiwelmeel in minstens 2-4 voedings per dag gevoer word.
- Hierdie veevoer moet nie onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoer gevoer word nie. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegnieise Adviseur.
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. Ureum is water-oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Behandeling: Meng met gelyke hoeveelhede water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap en 2 tot 4 bottels per bees (1 bottel = 750ml).

SAMESTELLING	Ekono-Mel 15	Ekono-Mel 17	Ekono-Mel 19	Ekono-Mel 21
Klas:	Suiwel Voer	Suiwel Voer	Suiwel Voer	Suiwel Voer
Registrasie Nommer:	V11451	V10417	V11715	V11716
AFGRI Produk Kode:	R1010	R1011	R1012	R1013
Nutriënt	g/kg	g/kg	g/kg	g/kg
Ruproteïen (min.)	150	170	190	210
Ruproteïen vanaf NPN (maks.)	30%	30%	25.2%	22.8%
Ureum (maks.)	15.67	17.7	16.7	16.7
Vog (maks.)	120	120	120	120
Ru-vet (min.)	25	25	25	25
Ru-vet (maks.)	85	85	85	85
Ruvesel (maks.)	90	90	90	90
Kalsium (min.)	8	8	8	8
Kalsium (maks.)	13	13	13	13
Fosfor (min.)	5	5	5	5

WAARSKUWING

Hierdie veevoer bevat 'n NPN bron en geregistreerde medikamente. Voer streng volgens voorskrifte. Vir medikament besonderhede sien bykomende sak etikette.

12 Byls Bridge Boulevard
Highveld Ext 73
Centurion

Tel: +27 11 063 2347
afgrianimalfeeds.co.za